| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **TOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit ’n AFDELING A en ’n AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970’s TOT 1980’s: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980’s

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE.

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ‘N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970’s TOT 1980’s: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE.

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ‘N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. ***Afdeling A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. ***Afdeling B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

4. Antwoord ***DRIE*** vrae soos volg:

   4.1. Ten minste ***EEN*** moet ’n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet ’n opstelvraag wees.

   4.2. Die ***DERDE*** vraag kan ’n brongebaseerde vraag óf ‘n opstelvraag wees.

5. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.

6. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

7. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die numering wat in die vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs met blou pen.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is ingesluit in die ADDENDUM.*

### VRAAG 1: WATTER UITDAGINGS MOES DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's TROTSEER?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat verduidelik Eerw. Frank Chikane in hierdie deel van sy toespraak in Bron 1A? (1x1) (1)

1.1.2 Identifiseer die geleentheid waartydens hierdie toespraak gelewer was. (1x1) (1)

1.1.3 Wat was volgens die bron die enkele doel van die vorming van die UDF? (1x1) (1)

1.1.4 Haal een frase uit die bron aan wat aantoon watter tipe regering die teenwoordiges by die geleentheid sou verkies. (1x1) (1)

1.1.5 Verduidelik die "geskiedenis van die vryheidstryd in Suid-Afrika" in geskiedkundige konteks. (1x2) (2)

1.1.6 Gebruik jou eie kennis om die voorstelle vir hervorming van Apartheid deur die Botha-regime van 1983 te verduidelik. (2x2)(4)

**[10]**

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Volgens die bron, wat het protes onder die burgerlike samelewing teen die Driekamer Parlement geïmpliseer (aangedui)? (1x1) (1)

1.2.2 Noem DRIE tipes massa-aksie wat in reaksie op politieke ontwikkelinge in die land geloods is. (3x1) (3)

1.2.3 Waarom, dink jy, was Botha nie bereid om Swartmense in die parlement te akkommodeer nie? (1x2) (2)

1.2.4 Gebruik gegewens uit die bron om te verduidelik hoe PW Botha sy posisie as leier van Suid-Afrika versterk het. (1x2) (2)

1.2.5 Verduidelik in jou eie woorde wat die historikus bedoel het met die woorde "die ineenstorting van die totale strategie". (1x2) (2)

1.2.6 Definieer die begrip *Noodtoestand* in jou eie woorde. (1x2) (2)

1.2.7 Gebruik bewyse uit die bron om die sukses van Botha se Driekamer Parlement te evalueer. (2x2)(4)

**[16]**

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Waarom is die opmars vir vrede na die Kaapstadse Stadsaal van stapel gestuur? (1x1) (1)

1.3.2 Identifiseer die President van Suid-Afrika ten tye van die opmars? (1x1) (1)

1.3.3 Watter organisasie het die opmars gereël? (1x1) (1)

1.3.4 Evalueer die waarheid van die President se woorde "Die deur na 'n nuwe Suid-Afrika staan oop". (2x2) (4)

1.3.5 Hoe verskil die inligting in Bron 1C van dié in Bron 1B rakende die uitdagings wat die Apartheidsregime in die 1980's moes trotseer? Noem TWEE verskille. (2x2) (4)

**[11]**

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Waarom het Tutu op 'n slegs vir blankes-strand gaan draf? (1x1) (1)

1.4.2 Definieer die term *Apartheid* in jou eie woorde. (1x2) (2)

1.4.3 Verduidelik 'n beperking van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die uitdagings wat die Apartheidsregering in die 1980's moes trotseer, bestudeer. Motiveer jou antwoord. (1x2) (2)

**[5]**

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls te skryf waarin jy die uitdagings wat die Apartheidsregering in die 1980's moes trotseer het, bespreek. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) MENSEREGTE SKENDINGS HANTEER?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom het Rokaya Saloojee "'n langdurige haat vir sommige wittes gehad"? (Verklaring 1) (1x1) (1)

2.1.2 Noem DRIE voorbeelde van gegewens uit die bron wat aandui wie Suluman Saloojee was. (3x1) (3)

2.1.3 Haal EEN frase uit die bron aan wat impliseer dat Saloojee se dood nie ondersoek is nie. (1x1) (1)

2.1.4 Definieer die begrip *aktivis* in jou eie woorde. (1x1) (1)

2.1.5 Haal bewyse uit die bron (Verklaring 1) aan wat suggereer dat die polisie moontlik Suluman Saloojee vermoor het. (1x2) (2)

2.1.6 Gebruik inligting in die bron sowel as jou eie kennis om te verduidelik waarom James Simpson voor die WVK verskyn het. (Verklaring 2) (2x2) (4)

2.1.7 Verduidelik waarom die twee verklarings in Bron 2A as waardevol geag kan word vir navorsing rakende die werkswyse van die WVK. (2x2) (4)

**[16]**

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Wat was volgens dié bron die bedoelinge van die WVK? (2x1) (2)

2.2.2 Volgens dié bron, hoe het die WVK individuele trauma misbruik? (2x1) (2)

2.2.3 Was die skrywer oortuig daarvan dat die WVK noodsaaklik was? Motiveer jou antwoord. (1x2) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron sowel as jou eie kennis om te verduidelik waarom baie Suid-Afrikaners ongelukkig was met die bevindinge van die WVK. (2x2) (4)

**[10]**

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Noem die name, volgens die bron, van die TWEE offisiere van die Oos-Kaapse Veiligheidspolisie wat die ontvoering en moord van die PEBCO Drie gemagtig het. (2x1) (2)

2.3.2 Definieer die begrip a*mnestie* in jou eie woorde. (1x1) (1)

2.3.3 Waarom dink jy het die getuienisse van die Veiligheidspolisie (Gideon Nieuwoudt, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz) dié van die askaris (Paragraaf 2) aangaande die ondervraging van die PEBCO Drie weerspreek? (2x2) (4)

2.3.4 Verduidelik waarom Barend du Plessis en die ander veiligheidsoffisiere amnestie ten opsigte van die PEBCO Drie geweier is. (1x2) (2)

**[9]**

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Identifiseer die TWEE mans in die spotprent. (2x1) (2)

2.4.2 Wat het gelei tot die ontstaan (inspirasie) van die spotprent? (1x1) (1)

2.4.3 Deur die spotprent sowel as jou eie kennis te gebruik, verduidelik wat die spotprenttekenaar met "die hele waarheid" impliseer het. (1x2) (2)

2.4.4 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron wanneer die WVK se hantering van menseregteskendings bestudeer word. (1x2) (2)

**[7]**

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis om 'n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls te skryf, waarin jy verduidelik hoe die WVK menseregteskendings hanteer het. **[8]**

## TOTAAL VRAAG 2: [50]

**VRAAG 3: HOE HANDHAAF SUID-AFRIKA HOM AS LID VAN BRICS?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Hoe beskryf die ANC die Russiese regerende party in paragraaf 1 van Bron 3A? (1x1) (1)

3.1.2 Waar, volgens die bron, sal die volgende BRICS-spitsberaad gehou word? (1x1) (1)

3.1.3 Waarom is daar volgens Bron 3A ‘n lasbrief vir die arrestasie van President Putin? (1x1) (1)

3.1.4 Identifiseer die president van Suid-Afrika wat in die bron vermeld word. (1x1) (1)

3.1.5 Verduidelik waarom Suid-Afrika verplig mag word om President Putin te arresteer. (1x2) (2)

3.1.6 Gebruik jou eie kennis en die inligting in die bron om te verduidelik waarom Suid-Afrika se verhouding met Rusland as kontroversieel beskryf kan word. (2x2) (4)

3.1.7 Gebruik die inligting in Bron 3A om te verduidelik waarom die bron as bruikbaar beskou kan word wanneer gefokus word op hoe Suid-Afrika homself as lid van BRICS handhaaf. Verskaf TWEE antwoorde. (2x2) (4)

**[14]**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Noem die VIER ander BRICS lede behalwe Suid-Afrika. (4x1) (4)

3.2.2 Volgens die bron, waarop sal Suid-Afrika tydens die spitsberaad by die Sandton Konferensie Sentrum “voortbou”? (1x1) (1)

3.2.3 Gebruik die bron sowel as jou eie kennis om te verduidelik waarom Ambassadeur Anil Sooklal na BRICS verwys as “’n belangrike globale groepering”. (2x2) (4)

3.2.4 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik wat die verskil is tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande. (1x2) (2)

**[11]**

© SACAI KOPIEREG

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake wat in die bron genoem word. (1x1) (1)

3.3.2 Hoe beskryf die Minister (3.3.1) Suid-Afrika se verhouding met Rusland? (1x1) (1)

3.3.3 Volgens die bron, waarom sou Suid-Afrika die toelating van nuwe lede tot BRICS aanmoedig? (2x1) (2)

3.3.4 Gebruik jou eie kennis om BRICS in die konteks van die globale ekonomie te verduidelik. (2x2) (4)

3.3.5 Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 3B verskil van die inligting in Bron 3C ten opsigte van Suid-Afrika se doelwitte by die BRICS berade van Julie 2018 en Augustus 2023. (1x2) (2)

**[10]**

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Wie was gasheer vir die BRICS-spitsberaad in 2016? (1x1) (1)

3.4.2 Identifiseer die president van Suid-Afrika in die spotprent. (1x1) (1)

3.4.3 Watter land staan in die spotprent op Rusland se skouers? (1x1) (1)

3.4.4 Verduidelik die boodskap wat deur die visuele leidrade in die spotprent oorgedra word. (1x2) (2)

3.4.5 Gebruik jou eie kennis om die begrip van globalisering binne die konteks van die spotprent te verduidelik. (1x2) (2)

**[7]**

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ‘n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls waarin jy die wyse waarop Suid-Afrika homself as lid van BRICS handhaaf, ontleed. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

*Antwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE uit hierdie afdeling nie. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's EN 1980's.

Deel van die insig in die Swart Bewussynsbeweging is om te verstaan dat swart bevryding nie net van die verbeelding en veg vir strukturele politieke veranderinge, soos voorgestaan deur ouer bewegings soos die ANC, maar ook van sielkundige transformasie in die gemoedere van die Swartmense self, moet kom.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante feite. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE.

Bespreek krities die onderhandelingsproses wat tussen 1990 en 1994 plaasgevind het en wat uiteindelik tot die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika gelei het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN DIE NUWE WÊRELDORDE.

Verduidelik hoe Mikhail Gorbachev se hervormings in die Sowjet unie uiteindelik gelei het tot politieke veranderinge in lande in Oos Europa sowel as in Suid-Afrika.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG